Mnr. Jim Tukani, gemeenskapsleier in Lingelihle-township, by die graf van eerw. James Calata, oupa van die vryheidsvegter Fort Calata. Calata sr. het self 'n groot rol in die anti-apartheidsbeweging gespeel.

Voetspore van die Cradock-vier

Dit is 25 jaar sedert die apartheidsvegters Matthew Goniwe, Fort Calata, Sparrow Mkhonto en Sicelo Mhlauli die hoogste prys denkbaar vir hul ideaal van 'n gelyke samelewing betaal het. ANRI HENDRIKS het gewonder hoe lyk Lingelihle deesdae en hoe die Cradock-vier se nagedagtenis bewaar word. LEON HARMSE het die foto's geneem.

Die man wat voor my staan is grys. Sy oë water en hy gryp my hand toe hy in die motor klim.

Sy ander hand klem 'n sakdoek vas.

"Ek moes net my woord gestand doen en jou kom help vanoggend," sê hy. Hy stotter.

"My seun is vanoggend dood . . ."

Iets raak my binneste en net so weet ek skielik wat eerbaarheid beteken.

Só belangrik ag mnr. Jim Tukani, gemeenskapsleier en eens kameraad van Matthew Goniwe, dié en die ander drie van die Cradock-vier se nalatenskap, dat hy enige kans aangryp om dit lewend te hou.

En so eerbaar is sy woord dat hy sy bedroefde familie sal agterlaat om saam met my in die voetspore van die Cradock-vier te loop.

Ons eerste stop is die Black Rent Office. Net 'n stukkie van die fondasie loer deur die gras en klipperige aarde.

"Van hier is die swart mense verjaag om elders te gaan woon," verduidelik Tukani.

"In die 1960's as jy (swart) gaste van buite Cradock gekry het, moes hulle ook hier vir 'n pas aanmeld. Want sonder die pas kon jy nêrens gaan nie. En teen 21:00 het die harde toeter van hier geblaas . . ."

Ons praat oor Goniwe en of Tukani dink hy tevrede sou wees met die lewensomstandighede van die mense wat steeds in die Lingelihle-township woon.

"Matthew sou vandag net so oud soos ek (62) gewees het. Ek weet hy sou nie gerus het voordat die *township* soos die dorp lyk nie."

Die nuwe en ouer Hop-huise wat die regering lank ná Matthew dood is, in die Lingelihle-nedersetting gebou het, is heelwat kleiner as dié in ander dorpe.

"Dit is waar, die mense is vry, maar bly steeds in huisies so groot soos vuurhoutjieboksies."

Maar hy speel gou bemiddelaar.

"Madiba het tog ook vir ons mense ná 1994 gesê dat hierdie *starter*-huise is, dat mense ook iets moet doen om hulself te verbeter."

In Lingelihle se strate sien jy dit.

Op een hoek is 'n voorskool. Motorbande is omskep in oulike speel-apparate.

Sommige van die huise se tuine is weliger as dié in Cradock se spog-woonbuurte self.

Maar onder dit alles broei steeds armoede en wanhoop - twee van die dinge waarteen die Cradock-vier Matthew Goniwe, Fort Calata, Sparrow Mkhonto en Sicelo Mhlauli, baklei het.

En die hoogste prys denkbaar betaal het.

"Wat ons nou hier op Cradock kort, is die ding wat ons oral in Suid-Afrika kort – die wil om weer te baklei vir iets.

"Cradock is 'n vaal dorpie met geen fabrieke nie."

Die plaaslike hoërskool dra sy naam, want Goniwe was bowenal 'n onderwyser.

"'n Intellektuele," wys Tukani my daarop.

"Hy was iemand wat toeganklik was vir almal, maar hy was ook streng en gedissiplineerd. Hy het 'n manier gehad om die jeug om sy pinkie te draai."

Hoewel die veiligheidspolisie Goniwe, sy kamerade en die ander inwoners van Lingelihle se lewens 'n spreekwoordelike hel gemaak het met hul middernagtelike besoeke en intimidasie, was Goniwe beslis: "Geen polisieman moes 'n hond genoem word nie, al het hy die mense hóé behandel. 'n Hond is 'n ding wat in die pad af draf, het hy altyd gesê," onthou Tukani.

Tukani, Goniwe en die res se paaie het gekruis destyds nadat Goniwe en Calata die Cradock Residents' Association (Cradora) gestig het.

Die doel van Cradora was om protes aan te teken teen die hoë huur wat swart mense moes betaal. Cradora het gewen en die huur is verlaag.

Tukani vertel hoe hy sy "kunstige" sy ingespan het om die amptelike "vlagmaker" vir Goniwe en sy kamerade te word.

"Die T-hemde ook. Altyd op 'n rooi agtergrond, met elemente hier en daar van die ANC, sonder om die werklike embleme te wys."

Die nag voor sy vriende vanuit die einste Cradock-stadion begrawe is, nadat hulle vermoor is, het hy nog gespook met 'n werklike ANC-vlag.

"Toe ek by die stadion kom, kon ek nie my oë glo nie. Iemand het 'n reuse-ANC-vlag teen die elektrisiteitsdrade langs die kant van die stadion gehang. Hoe hulle dit reggekry het, weet ek nie! Tot vandag weet ek steeds nie wie dit was nie."

Ons ry rond op soek na die Cradock-vier se oorspronklike huise. Nie een is as 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar nie.

Ons ry verby 'n klomp kerke. Tukani herinner my aan die "geweldige rol" wat kerke tydens die struggle gespeel het.

Een van die kerkleiers wat hy telkens uitsonder, is eerwaarde James Calata, oupa van Fort Calata.

Sy huis is een van die min nasionale gedenkwaardighede in Lingelihle.

Calata was van 1936 tot 1949 sekretaris-generaal van die ANC en 'n man van die kleed (van die Anglikaanse Kerk).

"Ek glo nou nog hy is die rede hoekom Fort so 'n voorliefde vir die politiek gehad het," sê Tukani.

Ons laai vir Tukani af sodat hy hom weer kan aansluit by sy familie voor ons die klipperige paadjie na die Tuin van Herinnering trotseer.

Daar is in 2007 aangekondig dat die projek, wat teen R14 miljoen deur die destydse departement van omgewingsake en toerisme gefinansier is, 'n vertoonstuk sou wees ter nagedagtenis aan die Cradock-vier.

Wat ek voor my sien, is 'n platgetrapte heining en oorgroeide veld wat die vier prominente betonkolomme, wat die vier anti-apartheidsvegters voorstel, vergesel.

En ek dink aan Tukani en ander soos hy se pogings om sy vriende se erfenis lewend te hou.

■ Van 24 - 28 Oktober vind die 25ste herdenking van die Cradock-vier op dié dorp plaas.

Kinders speel op 'n ou dam naby die Tuin van Herinnering ter nagedagtenis aan die Cradock-vier in Lingelihle.

Die "apartheidsmuur" in Cradock wat die destydse township van die wit woongebied (aan die linkerkant) geskei het. Vandag woon mense van alle rasgroepe aan die linkerkant van die muur.

Die spesiale monument/tuin van herinnering wat ter nagedagtenis aan die Cradock-vier opgerig is, is verwaarloos. Die grasveld het oorgeneem en die hekke was gesluit.

Wie was die Cradock-4?

♦ Sparrow Mkonto: (gebore 24-12-1951) was 'n senior ampsdraer van die Cradock Residents' Association (Cradora). Matthew Goniwe was een van sy skoolonderwysers. Hy het as spoorwegwerker gaan werk nadat hy die skool in standerd agt verlaat het en het sowat R242 per maand verdien.

♦ Matthew Goniwe (gebore 27-12-1947) was 'n baie gewilde onderwyser. As waarnemende hoof by die Sam Xhallie Sekondêre Skool het hy vir Fort Calata, 'n ander onderwyser, ontmoet en ontdek dat hul politieke beskouings ooreenstem.

Toe Goniwe later deur die onderwysdepartement "afgedank" is, het kinders met 'n vyftienmaande-boikot (die langste in Suid-Afrika se geskiedenis), begin.

♦ Fort Calata (gebore 3-11-1956) was die leier van Cradora. Hy was net 28 jaar oud toe hy vermoor is.

♦ Sicelo Mhlauli (gebore 25-5-1949) was die hoof van 'n skool in Oudtshoorn, 'n aktiewe lid van die Oudtshoorn Youth Organisation en 'n gemeenskapskoerant, *Saamstaan*.

Hy was op vakansie toe hy in Goniwe vasgeloop het, wat voorgestel het dat hy saam met hulle PE toe reis. Hy was ook saam met hulle toe hulle PE op die aand van 27 Junie 1985 omstreeks 21:10 verlaat het en nooit weer lewend gesien is nie.

Bron: http://www.thecradock-four.co.za

Cradock-gedenktuin val vas

Die Inxuba Yethemba-munisipaliteit op Cradock het sy hande in onskuld gewas oor die swak toestand van die Tuin van Herinnering en die Lingelihle-begraafplaas waar die Cradock-vier begrawe is.

"Die munisipaliteit was nooit deel van die beplanning vir die Tuin van Herinnering nie," het mnr. Mzwandile Thantsi , die munisipale bestuurder, geskerm.

"Dit was 'n projek onder leiding van die voormalige departement van omgewingsake en toerisme," het Thantsi verduidelik.

Met *Die Burger* se besoek moes die verslagspan 'n stamperige klippaadjie op spook om op die heuwel by die Tuin uit te kom.

Dit was egter oorgroei en die hekke gesluit (sien forum-artikel hiernaas).

By die Lingelihle-begraafplaas was die hek gesluit met 'n stewige slot en is dus totaal en al ontoeganklik vir oorsese (en binnelandse) besoekers.

Die Burger kon met 'n groot gesoek die kleiner hekkie aan die kant van die begraafplaas vind van waar besoekers hul weg deur die grafte moet vleg op soek na die Cradock-vier se laaste rusplek. Daar is nêrens 'n aanwysingsbord wat die pad daarheen aandui nie.

Mnr. Mbulelo Goniwe, familielid van Matthew Goniwe, het vertel dat die Tuin van Herinneringkompleks nog ver van klaar is.

"Die projek was ons breinkind, maar die regering het die geld daarvoor gegee."

Volgens hom moet die argitek nog veranderings aanbring en onder meer die omheining rondom die kompleks vervang.

Werk op tyd maak vrou welbereid

MARISKA SPOORMAKER
Willowmore

"Ontwikkeling," sê die burgemeester en wys die wit en blou regeringsboekie aan die gehoor, "is 'n grondwetlike opdrag aan munisipaliteite."

Maar dis nie net omdat die regering só sê dat die Baviaansmunisipaliteit hieraan gehoor gee nie, vertel mnr. Ewald Loock verder, "dis omdat ons ons mense soveel as moontlik wil leer sodat ander nie van buite hoef te kom en werk wat vir hulle wag, doen nie."

Grondwet óf munisipale voorneme was egter nie dit wat petrol in me. Sarah Humat van die Baviaanskloof se werkstenk gegooi het nie – sy wou lankal meer leer.

"Dis vandat Jeanne my geleer het hoe om vir die mense te kook en hoe om met die besoekers te wees."

Me. Jeanne Booth en haar man, mnr. Linden Booth, het 'n paar jaar gelede die plaas Matjiesfontein aan die westekant van die kloof gekoop en die Cedar-gastehuis en -rusoord met sy reuse-labirint daar gevestig.

"Dit is so 'n aangename besigheid, daarom wou ek meer leer.

"Toe kom die munisipaliteit se kursusse en ek skryf in."

Daar was net een probleem: Die plaas Matjiesfontein is 10 km van die Baviaanskloofpad van waar sy 'n rygeleentheid na haar Donderdagklasse by die sentrum kon kry.

"En nou bewe my hande glad nie meer as ek op die rekenaar werk nie!" 'n Verheugde me. Sarah Humat by haar opleier en "oplaaier" mnr. Conan Maart waar sy sertifikate vir rekenaarvaardigheid en herstel en onderhoud van trekker-enjins by die Baviaans-munisipaliteit ontvang het.

Foto: MARISKA SPOORMAKER

"Toe het ek maar elke Woensdagaand al die donkies tot in die kamp langs my huis gejaag en die volgende oggend vyfuur opgestaan om hulle in te span."

So sesuur se kant het sy gery, so sewe-uur by die pad uitgekom, die donkies weer uitgespan en so agtuur, as mnr. Conan Maart (een van die opleiers) verbykom, het sy reg gestaan vir die saamry.

Maart het haar 'n paar keer só opgelaai, toe besluit hy iemand wat só graag wil leer, verdien om by haar huis opgelaai te word en het toe so gemaak.

Maandagaand het Humat twee sertifikate – een vir rekenaarvaardigheid en die ander vir herstel en onderhoud van trekker-enjins – ontvang.

"Die rekenaar was nog altyd my groot droom. Maar van banggeit het my hande altyd só gebewe, ek kon niks doen nie. Nóú is my hande tjoepstil as ek werk!" Haar twee sertifikate was deel van die groter poel van 251 sertifikate wat by die spesiale geleentheid in die stadsaal aan meer as 100 opgeleides in verskillende vakgebiede oorhandig is.

Dinsdagaand is nog sertifikate aan die suksesvolle kandidate van die Baviaanskloof en Willowmore uitgedeel en 'n ruk terug is byna ewe veel sertifikate in Steytlerville uitgedeel.

Syfers en suksesse

Baviaans-opleiding strek verder as 'n mooi sertifikaat:

■ Om werkloosheid en armoede in die distrik van die Baviaanskloof-munisipaliteit te probeer inperk, bied die munisipaliteit op deurlopende grondslag sertifikaat-kursusse in vaardigheidsontwikkeling aan (onder meer plavei- messel- en sweiswerk, rekenaarvaardigheid, au pair, gasvryheidsbedryf, herstel en onderhoud van trekker-enjins).

■ Binne die "Op My Voorstoep"-beginsel span die munisipaliteit sover moontlik die dienste van hierdie opgeleides in, eerder as om arbeid van buite af in te kry.

■ Meer as 217 het al opleiding op verskillende gebiede gekry.

■ Uit dié getal is 42 mense al suksesvol bygestaan om 'n permanente betrekking te kry.

■ Altesaam 13 leerders is ook al suksesvol bygestaan om tersiêre studies te volg.

■ Opgeleides word ook bygestaan met die ontwikkeling van besigheidsplanne, ook oor die prosesse wat nodig is vir die indien van 'n tender.

■ "Opleiding is een ding, werksgeleenthede 'n ander. Ongelukkig kan die munisipaliteit nie al die geleenthede skep nie," het mnr. Ewald Loock, Baviaans-burgemeester, erken. Daarom is 'n databank van al die opgeleides op die webwerf, www.baviaans.co.za, geskep. "Sou enigiemand dienste benodig, kan hulle daar soek."

■ "Die selfvertroue wat die suksesvolle voltooiing van enige kursus gee, maak weer dat die mense kans sien vir veel meer uitdagings – nuwe kursusse en selfs om vakkundige werk te doen waarvoor hulle nie opgelei is nie. "Só is 'n paar plaveiwerk-opgeleides maklik touwys gemaak en ingespan om te help met die installering van sonverwarmerstelsels op die woonhuise," het mev. Lizette de Beer, ontwikkelingsbeampte van die Baviaanskloof-munisipaliteit, gesê.